

## DINK HELDER OOR JOU PROBLEME

2 Kor 4:8 “In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie; 9 ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie, op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie.”

### Die Geheim

2 Kor 4:18 “Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.”

## HOE OM HELDER TE DINK

### 1. As jou situasie neerdrukkend is, dink aan \_\_\_\_\_

Ps 27:13 “As ek darem nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie...! 14 Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed! Ja, vertrou op die Here!”

Ps 31:20 “Hoe groot is u goedheid: dit is altyd daar vir dié wat U dien, U bewys dit voor die oë van die mense aan dié wat by U skuil.”

### 2. As jou situasie oorweldigend lyk, dink \_\_\_\_\_

Ps 147:5 “Onse Here is groot en ryk aan krag; sy verstand is oneindig.”

Ps 69:15 “Red my uit die modder, dat ek nie wegsak nie, laat my wegkom van my vyande af, weg uit die diep waters. 16 Moenie dat die stroom my meesleur en die diep water my insluk nie...”

Jer 32:27 “Ek is die Here die God van al die mense. Is iets vir My onmoontlik?”

### 3. As jou situasie donker is, dink aan \_\_\_\_\_

Ps 34:18 “As die regverdiges om hulp roep, hoor die Here hulle en red Hy hulle uit al hulle benoudhede. 19 Die Here is naby die gebrokenes, Hy help die moedeloses. 20 Al word die regverdige ook deur hoeveel rampe getref, die Here red hom uit almal.”

Ps 3:5 “As ek na die Here roep, antwoord Hy my van sy heilige berg af. Sela 6 As ek gaan lê, slaap ek goed; ek word ook weer wakker, want die Here sorg vir my.”

Ps 73:28 “Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees. Ek het die Here my God gekies as my toevlug! Ek sal van al u werke bly vertel.”